“hindsight”

Daar is so baie wat ek anders sou doen as ek in 2002 meer kennis gehad het van beesboerdery en daar is so baie duur lesse wat onnodig op my pad gekom het … veral omdat ek nie n boerdery agtergrond het nie.

Graag wil Fairview Bonsmaras kennis deel en uitruil met ander beesboere, opkomende boere en veral mense wat beplan om met n kommersiele kudde te begin. Die treurigste raad wat jy seker kan kry is by n braaivleisvuur, die gesels in die kooperasie se gange of die koppie koffie na kerk en meeste opinies word seker uitgedeel met goeie bedoelings.

Fairview Bonsmara bestaan uit 40% stoetbeeste en 60% kommersieel en ons doelwit is om verse te teel wat aan ons standaarde voldoen om ingesluit te word in ons teelkudde hetsy aan die stoet of kommersiele vleuel. Ons doen glad nie kruisteling waar die fokus meestal op groei gemik is om swaar speenkalwers te verseker maar waar die speenvers haar funksionaliteit as teeldier verloor. Latere kalfproleme, swak en ligte kalwers vorm deel van hierdie praktyk en voornemende kopers moet waak om nie vroulike diere by hierdie spekulante te koop nie.

Fairview Bonsmara teel speenkalwers wat gemiddeld 205 – 235kg[verskil van seisoen tot seisoen] weeg op 6 maande ouderdom en al die kommersiele bulletjies asook die uitskot stoet bulletjies word op hierdie ouderdom direk van die plaas bemark. Ons maak nie meer gebruik van dorpsveilings vir enige verkope nie:

- Risiko en stress[gewigsverlies] van vervoer is baie groot veral oor langer afstande
- Skakel die onbekende uit [kan makliker onderhandel met verskillende kopers oor prys en kommissie]
- Raak belaglik duur om diere terug te vervoer as jy ontevrede is oor pryse

Ek het ingeskakel by ander Bonsmara telers in die omgewing en ons hou elke Februarie die Witteberg Bonsmara Kommersiele aanteelveiling met ongeveer 400 hoe kwaliteit vroulike diere en uitgesoekte bulle. Hou ons Facebook bladsy dop vir meer inligting

Ons het aanvanklik ons vroulike diere by sommer enige kommersiele veiling gekoop en dit het jare geneem om die vrugbaarheidsprobleme van sekere diere te identifiseer en uit die kudde te kry – selfs “dragtige” diere het nie gekalf nie of het kalfprobleme gegee. Dit het

enorme kostes veroorsaak want ons was nie seker of die probleem eenmalig was en het ons ons vroulike diere te veel kanse gegee om te begin presteer. Ek sal enige iemand aanraai om eerder duurder aanvanklik te betaal en diere met n geskiedenis te koop of ten minste verkopers op te spoor wat waarde heg aan integriteit of n na-verkoops ooreenkoms. Ek sal ernstige kommersiele kopers aanraai om stoetbeeste onder beskerming van Bonsmara SA aanvanklik te koop want dan is al die inligting tot jou beskikking vir ekstra gemoedsrus en jy weet dat die kern van jou kudde sal presteer van dag een af. Dit is belangrik om diere in jou omgewing te koop wat reeds vir jou omstandighede aangepas is, want voeding en weer speel n enorme rol in vrugbaarheid vir beide vroulike en manlike diere – ek het bulle in Natal gekoop en na die Vrystaat geskuif wat meer as n jaar geneem het voordat hulle ordentlike hoeveelhede diere kon dek in n seisoen [vaderskap toetse word in ons stoetkudde deur DNA bepaal omdat ons meerbul parings doen en ek kan maklik sien watter bulle in n seisoen presteer en watter nie]

Daar is 2 maniere wat ek gebuik het om vrugbaarheid in ons kudde te verseker:

- 2 Dekseisoene nl November, Desember,Januarie en Junie, Julie om diere wat oorgeslaan het so spoedig moontlik weer te dek. Ons het vinnig agtergekom dat dit nie betaal om diere meer as een kans te gee oor n tydperk van 3 jaar.
- Die gebruik van n getoetsde rekenaarprogram [ons gebruik BenguFarm™] van dag een af om n ordentlike databasis en geskiedenis van elke dier op te bou. Hierdie is verseker die belangrikste hulpmiddel vir enige beesboer wat meer as 20 vroulike diere besit. Moet asseblief nie in die strik trap om jou eie Excel spreadsheet of op papier jou diere te probeer bestuur nie.[die voorman of veldwagter se “daardie een kalf elke jaar!” beteken eintlik dat jy vinnig beheer moet kry]
- Al ons bulle word jaarliks voor die dekseisoen getoets vir vrugbaarheid en ook vir seksueel oordraagbare siektes [Trig]
-

<u>Vrugbaarste</u> Koei huidiglik in ons Stoetkudde: **FVB 08 852**

Sy word 6 jaar oud in 2014 en het reeds 4 kalwers gegee met n gemiddelde tussen kalf periode van 345 dae!

[Fotos en data Mei 2014]

Haar speenindeks [7mde] was 107%, 12 maande indeks 106% en 18 maande indeks 104%

FVB 08 852 Foto Mei 2014

Vrugbaarste Koei huidiglik in ons kommersiele kudde: **2003 031**

Sy word hierdie jaar 11 en het reeds 9 kalwers vir ons gegee. Haar gemiddelde tussenkalfperiode is 343 dae [data Mei 2014]

Sy is van goud gemaak

03/31 Foto Mei 2014

03/31 Foto Mei 2014

Ons kommersiele kudde word presies bestuur soos die stoet kudde en ons weeg alle kalwers op speenouderdom(6-7maande), 12 maande en 18 maande. Die gewigte word verwerk en indekse bereken deur BenguFarm ™ Dit is aanvanklik in my opinie nie nodig om gewigte te neem totdat jou vrugbaarheid en getalle op standaard is, maar indien dit moontlik is sal die informasie van onskatbare waarde wees as jy later met seleksie begin.[Op die web word jaarlikse kursusse deur BenguFarm ™geadverteer, maar jy kan redelik maklik jouself met die program touwys maak]

Verse wat in ons kudde n indeks van 90 en onder behaal word onmiddelik uitgeskot vir slag asook verse met konformasie probleme of wat nie voldoen aan ons standaarde [n indeks van 100% beteken die dier weeg presies dieselfde as die gemiddelde gewig van die groep waarin sy geweeg is maw as n dier n indeks van 90 het is sy 10% ligter as die groepgemiddeld] Die rekenaar doen self gewigsaanpassing oor n periode van 100 dae en daarom kan ons dieselfde groep op 7 maande weeg waar sekere diere 6 tot 8 maande oud is.

Ons brand nie die horings van kalwers op speen nie maar gebruik reeds jare n onthoring pasta[Dr RJ Scheepers tel 017 735 3435 Volksrust] wat aangesmeer word voor die kalf 7 dae oud is, gewoonlik as ons die oorplaatjie aansit en die kalfnommer uit die oor sny. Die pasta is taai en kan nie afwas deur reen nie. Ek vind dat die kalf met speen reeds ongelooflike stres ervaar omdat ons dan die kudde brandmerk opsit en daar is minder as 10% van die horings wat later n knoppie maak wat redelik maklik weggesny kan word as dit pla. Ek het by Afgri n spesiale horing en hoef lem vir my klein “Metabo variable speed angle grinder” gekoop wat ongelooflik goed werk en teen lae spoed met min geraas die horing maklik wegvreet.

Ons bestel jaarliks reeds-genommerde oorplaatjies om nommerfoute uit te skakel by Lizemarie 072 777 7007 Bloemveeprodukte en ons vlekvrye staal brandmerk-yster werk vanaf n motor battery en word vervaardig deur Ratsbrand [Wynand Boshoff 084 581 1599] Besoek hulle webtuiste vir meer inligting en videos.



Dit is belangrik om nie net van oorplaaitjies gebruik te maak nie maar om ook die kalf permanent dmv oorknippe te merk. Bonsmara gebruik hierdie diagram en dit is die moeite werd om jou veldwagters te leer om kalwers op die manier te merk n paar dae na geboorte.

Hierdie koei se plaatjie is baie dof maar haar oor en brandmerk identifiseer haar maklik as 2005/089

FVB 05 089

Die aanvanklike uitkies van bulle sal bepaal waarheen jou kudde oppad is en jy sal vooraf moet besluit wat vir jou die ideale bouvorm, kleur, grootte en temperament van jou koeie moet wees – Bonsmara SA [www.bonsmara.co.za] bied fantastiese nuwe telers kursusse aan wat van onskatbare waarde sal wees in hierdie verband en word aangebied vir kommersiele asook stoettelers. Daar word ook veewagters kursusse aangebied vir werknemers – skakel asseblief die kantoor vir meer inligting.

Voornemende boere moet hulself inlig met wat die kostes is om n koei vir n jaar aan te hou – dit varieer van boer tot boer maar beloop tussen R2000 tot R2500/koei of vers wat reeds gedek is.

Ek hoop dat daar iets vir jou van waarde in my artikel was en ek nooi u om gedagtes te deel op ons Facebook bladsy.

The survival of the fittest - "is an organism's ability to adapt to changes in its environment and adjust accordingly over time" – Darwin

Hierdie stelling pas vir my so mooi by die Bonsmara want n mens sien Bonsmara en Bonsmara-tipe beeste floreer oral in Suider Afrika van woestyn in Namibie, Zambie tot in die sneeu van Fouriesburg en die koue nat Kaap

FVB 07 706 seun van AG 02 338 is my gunsteling bul en n pragtige dier wat sy merk op die nageslag laat. Kyk uit vir een van sy seuns by die Witteberg aanteelveiling elke Februarie!

FVB 07 706 Foto Feb 2014

FVB 07 706 Foto Mei 2014

Hy was een van die min suksesvolle KI kalwers op die plaas en ek het na vele pogings besluit om nie meer groot hoeveelhede koeie te KI nie - ons suksesvolste besetting was maar 30% en gelukkig was hy een van hulle.

Ek sal in die toekoms n baie kleiner uitgesoekte groepie koeie KI waar ons meer intensiewe aandag aan hulle kan gee om groter sukses te waarborg.

Ons kan nie oorleef sonder mieliereste deur die winter in die Oos-Vrystaat koue nie

Kies verse wat reeds op baie vroee ouderdom n prominente uier wys met n goed ontwikkelde vulva

Oupa Charlie[Charl van Rooyen] hou n wakende oog

Hierdie artikel is oorspronklik afgelaai van www.fairviewestates.co.za

Kontak ons gerus.